

Susan de Klerk & Harold Lesch*

Om in enige mediese situasie in 'n vertaalprobleem verstrik te raak, kan verreikende gevolge inhou. Neem byvoorbeeld die geval van die Kubaans-Amerikaanse Willie Ramirez. Die 18-jarige Ramirez is in 1980 in 'n bewustelose toestand in 'n hospitaal in Florida in die VSA opgeneem. Sy Spaanssprekende gesin het aan die paramedici gesê hy is "intoxicado", 'n woord wat Kubane as 'n oorkoepelende term gebruik wanneer iemand siek geword het van iets wat hulle geëet of gedrink het. Die dokters het dit met die Engelse betekenis van "intoxicated" verwar, wat die gebruik van alkohol of dwelms impliseer. Daarom het hulle Ramirez vir 'n doelbewuste oordosering van dwelms behandel. Die hartseer gevolg was dat hierdie behandeling tot kwadruplegie gelei het.

In gevalle waar daar taalversperrings tussen gesondheidspraktisyns en pasiënte bestaan, moet daar maniere gevind word om hierdie gaping te oorkom sodat die regte inligting oorgedra en die regte behandeling toegepas kan word. Dit is veral belangrik in 'n land soos Suid-Afrika wat 11 amptelike tale en redelike lae geletterdheidsvlakke het, veral onder diegene in die laer sosio-ekonomiese klas.

Ter viering van Internasionale Vertaaldag (30 September) vanjaar wil ons op gemeenskapsvertaling fokus as 'n manier om die taalwanbalans aan te spreek wat moontlik tussen gesondheidspraktisyns en pasiënte bestaan.

Gemeenskapsvertaling wat deur Suid-Afrikaanse vertaalkundiges ontwikkel is, beklemtoon dat die brontekstleser (gesondheidspraktisyn) en die doeltekstleser (pasiënt) nie noodwendig op dieselfde sosio-ekonomiese vlak is nie en dat dit 'n uitwerking op hul begripvlak en taalgebruik kan hê, insluitende wanneer dit in dieselfde taal is. In wese is dit 'n vertaalaktiwiteit wat op die taalprioriteite van die gemeenskap gerig is – dit is daardie dele van die samelewing wat in 'n laer sosio-ekonomiese klas val.

Die primêre doel van gemeenskapsvertaling is doeltreffende kommunikasie – in hierdie geval met die pasiënt – om te verseker dat die leser die doelteks ten volle verstaan. Daarom moet terminologie verduidelik en geparafraseer word. Gespesialiseerde woordeskat moet ook in die doelteks na eenvoudige taal omgeskakel word, al is dit nie die geval in die bronteks nie.

Gemeenskapsvertaling is veral belangrik wanneer dit kom by pasiënt-aangemelde uitkomstmaatreëls (PROM's). Dit is assesseringsinstrumente wat deur gesondheidspraktisyns gebruik word vir die verskaffing van akkurate en nuttige data om rigting te gee rakende besluitneming en die dokumentering van behandelingsuitkomsteg grond op die pasiënt se mening.

In sy eenvoudigste vorm is 'n PROM 'n vraelys wat die pasiënt voltooi vir die berekening van 'n telling, wat dan deur die gesondheidswerker geïnterpreteer word. Deur pasiënte in staat te stel om hul simptome, geestesgesondheid, daaglikse fisiese- en sosiale funksionering, algemene welwees en lewensgehalte aan te meld, het PROM's die potensiaal om die gaping te oorbrug tussen die siening van die pasiënt en dié van die gesondheidswerker oor wat tydens behandeling prioriteit behoort te geniet. Dit is noodsaaklik vir die verskaffing van kwaliteit sorg wat pasiënte se behoeftes aanspreek.

Aangesien PROM's die pasiënt 'n reeks vrae stel, is 'n noodsaaklike vereiste dat die PROM in die taal van die pasiënt beskikbaar is. Ongelukkig is die meeste bestaande PROM's in hoë inkomste-lande en in Engels ontwikkel. In 'n land soos Suid-Afrika, met sy verskillende kulture en tale, moet maatreëls by verskillende kontekste aangepas word. As hierdie PROM's in 'n ander taal, in 'n ander land gebruik moet word, moet dit vertaal en kultureel aangepas word om te verseker dat dieselfde aspekte in 'n ander taal gemeet word.

Vertalers in Suid-Afrika moet die uiteenlopende aard van die doeltekslesers van 'n PROM in ag neem, anders sal vertaling slegs 'n simboliese gebaar wees wat geen waarde het nie en nie die bedoelde konstruksie kan kommunikeer nie. Dit kan lei tot verkeerde response en behandelingsuitkomst.

Terwyl ons Internasionale Vertaaldag vier, moet ons onself daaraan herinner dat vertaling nie net op taalkundige sigwaarde beskou moet word nie. Nee, dit wat met taal bedoel word, moet ook in ag geneem word sodat dit die verlangde uitwerking op die doelteksleser het – in hierdie geval die pasiënt wie se taal van dié van die gesondheidspraktisyn mag verskil. Daarom is die fokus op die gemeenskap waarbinne en vir wie 'n vertaling geskep word. Vertaling kan nie langer as 'n blote taalkundige oordrag van tekste gesien word nie. Dit moet 'n strategie wees wat twee (sub)kulture, wat moontlik 'n ongelyke magsverhouding het, met mekaar in aanraking bring.

PROM-ontwikkelaars wat voorsiening maak vir die vertaling en kruiskulturele aanpassing van hul instrument, vertrou dat riglyne vir vertaling en kruiskulturele aanpassings gevolg word. Die vertaling en kruiskulturele aanpassings moet egter op die bevolking waarvoor dit bedoel is, reageer. Gemeenskapsvertaling kan hiermee help. Ons kan nie aanvaar dat die vertaling en kruiskulturele aanpassing van enige PROM in Suid-Afrika se 11 amptelike tale genoeg keuses vir pasiënte sal bied nie. Gemeenskapsvertaling moet oorweeg word om te verseker dat PROM's responsief, geldig en betroubaar is nadat dit vertaal en kruiskultureel aangepas is vir gebruik in ons land se uiteenlopende gemeenskappe.

***Susan de Klerk is 'n a senior dosent in die Afdeling Arbeidsterapie en Harold Lesch 'n medeprofessor in die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch. Hierdie weergawe is aangepas uit 'n artikel wat onlangs in die *South African Journal of Occupational Therapy* verskyn het.**